

Advent Seisoen: God het sy Seun gestuur

Gedurende die volgende vier weke, tot Kersdag, word ons daaraan herinner dat Christus ons swak menslike natuur aangeneem het. Hy het een van ons geword. Ons onthou ook dat Hy eendag weer sal kom om sy verlossing volkome te maak.

Baie van ons vind dit moeilik om apparaat wat veronderstel is om deel van hierdie tegnologiese tyd te wees, sover te kry om te doen wat dit veronderstel is om te vermag. Ek het ook die meeste van die tyd my kinders nodig om my te wys hoe al die goed werk.

Gedurende die Adventstyd, die vier weke voor Kersfees, wil ons die geskenk van verlossing wat God aan ons gegee het, feestelik gedenk.

Die Here het nie vir ons 'n handleiding, ingewikkelde instruksies of nuwe wette en prosedures oor redding gestuur nie. Nee, Hy het vir ons sy Seun gestuur om ons te wys hoe redding en oorwinning werk!

Jesus het gekom om ons verlossing te word en om ons vreugde en ons troos te wees. Jesus het gekom sodat ons die ewige lewe as geskenk kan ontvang.

Die Adventstyd word gedurende die 4 Sondae voor Kersdag gevier en elke Sondag het 'n spesifiek tema.

The woord “Advent” verwys ten diepste na die “koms” van Christus en ons “verwagting” dat Hy weer sal kom.

A. **Dit is 'n tyd van hoop.** Gedurende die Adventstyd sien ons gelowig uit na die dag wanneer die Koninkryk van God alle hartseer en stres tot 'n einde sal bring.

B. **Dit is 'n tyd om te soek na vrede met mekaar en met God.** Ons onthou dat Jesus nou deel van ons lewe wil wees - deur die werk van sy Gees en deur ons kom Hy na 'n verlore wêreld wat Hom so baie nodig het.

C. **Dit is 'n tyd wat met blydschap gevul is.** God word 'n mens en was gebore as 'n klein babatjie op die eerste Kersfees, om ons Verlosser en Koning te word.

D. ***Uiteindelik is dit tyd van liefde. (Joh 3:16) God die wêreld so lief gehad het, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê!***

Kom ons plaas ons vertrouwe in die aanwysings van die Seun self. Kom ons vier met groot blydschap fees, omdat Hy alles wat ons nie kan doen nie en alles wat ons oor redding nie kan verstaan nie, kom doen het om ons te verlos!